


# St. John Henry Newman

## 9 Oktober

(1801-1890)

Hierdie briljante teoloog en meester van die Engelse taal word in die Anglikaanse kerk groot en bekwaam hom daarin om priester te word. Sy aanstelling by die studentekerk in Oxford en betrokkenheid by die traktate-beweging binne die staatskerk maak hom 'n bekende figuur in die akademiese wêreld en samelewing. Sy navorsing lei egter daartoe dat hy tot die besef kom dat die oudste ononderbroke Christelike tradisie wat terug strek na die Vroeë Kerk in die Katolieke Kerk te vinde is. Sy bekering tot die Katolieke geloof veroorsaak dat dié voormalige wonderkind van die Engelse intelligentsia nou deur baie as volksverraaier afgeskryf word. In 1847 word hy tot priester in die Katolieke Kerk gewy en stig hy die eerste Oratorium van St. Filip Neri in Engeland in Birmingham. Later sou 'n tweede huis in Londen volg. Deur sy meer as 40 boeke en talle artikels en 21 000 briewe werk hy 'n teologie uit wat vandag nog steeds aansienlike invloed uitoefen. Newman se teologie word veral gekenmerk deur sy historiese inslag en deeglike geskiedkundige navorsing en die belangrike rol wat mense se belewing van hul geloof in die ontwikkeling van die teologie speel.

© Die Oratorium Uitgewery